

Leer jou idiome met dié bordspeletjie



Weet jy wat beteken “**Gods water oor Gods akker laat loop**”
of

“**in die land van die blindes is eenoog koning**”?

Indien nie, is daar nou 'n maklike en prettige manier om jou idioomkennis op te skerp.

Die ATKV-tak Prieska het onder leiding van Esmé du Toit, 'n onderwyseres by die Hoërskool Prieska, 'n idiome-bordspeletjie ontwikkel wat jonk en oud kan geniet.

Meer bek as binnegoed!

is 'n interaktiewe bordspeletjie waarin spelers kaartjies moet trek en aan die hand van leidrade die idiome moet raai.

Volgens Esmé het sy twee jaar aan die speletjie gewerk.

“Kinders sukkel ongelooflik om idiome te onthou en as 'n juffrou het ek na kreatiewe maniere gekyk om kinders se idioomkennis uit te brei.”

Sy het saam met haar leerders gesit en idiome en prentjies van die bordspel ontwikkel.

Die doelwit van die speletjie is om 'n hulpmiddel vir onderwysers in die klaskamer te wees. Dit kan deur kinders van alle ouderdomme sowel as ouers en onderwysers gespeel word, sê Esmé.

“Ek hoop dit sal kinders se woordeskat en taalvaardighede verbeter.”

Vir meer inligting kontak jou ATKV-streeksbestuurder of stuur e-pos na louise@atkv.org.za

BESTEL NOU!

Aantal bordspeletjies
@R370 (BTW ingesluit) elk =
Posgeld: R90
Totaal:
Naam:
Van:
Adres:
E-posadres:
Selfoonnommer:
Keuse van versending:
(merk u keuse met 'n kruisie)
Postnet na Postnet: PEP na PEP:

Bankbesonderhede

Rekeningnaam: ATKV
Bank: ABSA
Takkode: 632005
Rekeningnr.: 170 166 728
Tjekrekening
Verwysing: Jou naam en bordspel

Stuur u bestelvorm en bewys van betaling na merciae@atkv.org.za



ATKV